




# FRANSE SENDING

Kinderevangelisasie (CEF)



Nuusbrief 4 - 2020

'n Vaste HOOP

Loof en prys God

“.. engele wat God prys en sê: "Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" Luk 2:13b-14

## "Halleluja" skree 'n Franse dokter !

Onthou jy nog? 'n Jaar gelede ...

- ✓ 'n **Bloedklont** / Die ambulans vervoer Johan inderhaas na die ongevalle / Vyf weke aan en af in die hospitaal vir behandeling en intensiewe ondersoeke sonder enige sukses / Ek raak bewus en



verstaan skielik beter die woorde van Paulus : "deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe" Dit kan selfs beter wees ...

- ✓ **Herlewing** breek aan in die hospitaalkamer / Heiden en Moslem soek na God / Die Goddelike "Rendez-vous" hou nie op nie / God word ook so verheerlik.
- ✓ 'n Lank beplande **deputasiebesoek** aan RSA is in die weegskaal / Ons wil graag gaan vertel wat die Here in Frankryk verrig / Drie Franse dokters sê NEE "jy mag nie vlieg nie"...
- ✓ Gewoonlik luister ons na die dokters maar dié keer worstel ons voor God oor sy wil / Oortuig dat God dit anders wil hê, ry ons na die lughawe / Alles verloop goed met die lang vlug ...
- ✓ Bekwame Suid-Afrikaanse dokters neem oor / **Pre-diabetes** word opgespoor / 'n Gelowige kind van die Here met 'n Sendinghart, Dr Stefaans Snyman van Somerset-Wes (FIRE DIABETES program) beveel 'n nuwe lewenstyl sonder suiker aan / Daar kom **nuwe HOOP** / Op die koop toe verloor ek en Rita baie gewig!

- ✓ **TERUG in FRANKRYK:** Die dokters glo dit nie – alles het reggekome / 'n Laaste afspraak met die hoofdokter by die hospitaal. Sy roep uit: "**HALLELUJA**" Jy kan dadelik ophou met die bloedverdunding pille. Jy is gesond. **Eer aan God drie-enig**

## Hoe sê 'n mens dankie?

Drie dekades gelede worstel ek (Johan) vir lank in gebed.

Maande word jare. Die Rand se waarde word al hoe minder. Die gawes om die huur te betaal, te kan eet en die




Goeie Nuus te verkondig is skraps weens die skielike verlaagde wisselkoers... "Here wat nou gemaak? Moet ons terug na SA? Ophou met die sending??" Op my knieë, met die Bybel oop by Psalm 37.5, sê God deur sy Woord : "Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg." En God sorg en voorsien getrou jaar na jaar. Verlede week word daar van 'n onbekende donateur 'n bedrag inbetaal met die woorde "**Seën bydrae**". So bly God steeds getrou oor 37 jaar van **geloofsending**. Sommige vriende het al na hulle ewige tuiste gegaan. Party gemeentes hou op met gawes. God roep weer ander mense en gemeentes. Die Evangelie versprei steeds verder.

Baie dankie aan elkeen van julle wat in God se span is deur gebed of gawes – bekendes en onbekendes. Mag die Here julle ryklik seën. *Johan en Rita Bloemhof*



Die Kersfeesboodskap kan nooit ingegrendel word nie

## Nuwe HOOP a.g.v. die PANDEMIE



Die gewone uitreike deur GoeieNuusklubs, vakansieklubs, spesiale Desembermaand Kersfeesklubs ens. was wetlik nie moontlik nie. *Wat nou Here?* 'n Nuwe dinamiek word in die span aangevuur deur die Heilige Gees – veral deur ZOOM-klubs en internet bediening. Op dié wyse kon baie meer kinders aan God die eer bring. 'n Ma stuur **dié foto net na so 'n ZOOM-klub**. Ons skoonogter Holly vertel : *"Soms is dit maar moeilik om te weet of die kind aan die ander kant van die skerm regtig luister. Die dogtertjie op die foto het 'n paar keer tydens die Kersfeesklub 'verdwyn' en dan was sy weer terug. Het sy ooit iets verstaan ?.. wonder Holly. Na die tyd skryf haar ma en bedank die span hartlik – haar kind het na die klub **gebid en haar lewe aan Jesus oorgegee.**"* Loof God. SDG.



### Is julle kinders of kleinkinders al moeg vir skerms kyk ?

In Frankryk sê die nuus daar 'n nuwe oplewing by kinders om na **stories te wil luister**. (Seker omdat hulle so lank op rekenaars huiswerk moes doen!). Daarom het ons besluit om op die **indirekte webblad** [www.cliquelavie.com](http://www.cliquelavie.com) meer luister-verhale oor die Evangelie te plaas. Die Here wêk verskeie mense op om ons te help om **365 dae oordenkings** op te neem. Hierlangs is twee kinders wat Bybelverhale en dramas vir die webblad opgeneem het. Dit is aangrypend om te sien hoe God ons gebede beantwoord vir nuwe inhoud en werkers vir sy oes. 'n Twintigtal mense werk mee vir die webblad.



Séléna

Watter groot geskenk. Ons negende kleinkind is die 1e Oktober 'n uur voor Oupa Johan se verjaarsdag gebore. Mag Séléna God se liefdeshand in Christus vroeg neem en Hom verheerlik met haar hele lewe.

« Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! **Kinders en suigeling besing die magtige werk wat U tot stand gebring het.** » Ps 8.2-3



'n Advent kalender wat ons skoonogter Julie gemaak het vir die webblad. 'Die hele Bybel praat oor Jesus'

**Op die Spore van die Hugenoote gebedsuitreik** : Datums 28 Augustus tot 7 September 2021. Konsep-reisprogram : Parys, Noyon (Calvyn geboortedorp), Weskus, Middellandse See omgewing (Aigues Morte, Musée du Désert, Annecy en moontlik Genève). Belangstellendes : Gee julle name op by [bloemhof@free.fr](mailto:bloemhof@free.fr) Toerleier ds. Org van der Watt [jjvdwatt@gmail.com](mailto:jjvdwatt@gmail.com) Tel 0583031396 **KORSIKA-EILAND uitreik 3 tot 14 Junie 2021** : Kontak toerleier ds Loffie Schoeman [lofstel@discoverymail.co.za](mailto:lofstel@discoverymail.co.za) Sel 0828758313

### Ons bede vir 2021 – Psalm 113

Prys die Here! Prys, dienaars van die Here, prys die Naam van die Here! Die Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd. Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan..

Soli Deo Gloria – aan God AL die eer.

**Geseënde Adventtyd en Christusfees. Alles wat mooi en goed is toegebied vir die nuwe jaar**

#### **BANK/INTERNET of STOPORDERS**

Bank: FNB Rek. naam: Child Evangelism Fellowship;  
Verwysing: Meld asb. u NAAM en VAN en sê: "VIR ds J.F. Bloemhof nr 30"  
Rek. nr.: 53 800 042 847  
Takkode: 200912 Stuur 'n afskrif van u inbetalings aan [cefsafinance@gmail.com](mailto:cefsafinance@gmail.com) of Faks 086 540 6700 vir 'n amptelike kwitansie.

#### **BYDRAES PER TJEK:**

Maak asb. uit aan :  
"Child Evangelism Fellowship"  
Spesifiseer asb:  
VIR "ds J. F. Bloemhof Nr 30"  
Stuur asb. u tjekbydraes aan :  
CEF posbus 3139  
Somerset-Wes 7129

**Navrae:** Mnr. Ernest van Zyl  
Tel 0817367679 **E-pos:**  
[ernest.cef@gmail.com](mailto:ernest.cef@gmail.com)

**DEBIETORDERS-vorms, Nuusbriefe en Gebedsveroeke:** beskikbaar by  
[bloemhof@free.fr](mailto:bloemhof@free.fr)  
Tel +33160861989  
Sel +33649422585